

**Liturg: "Ons roeping in 2024 is..."**

**Gemeente: "Op berge en in dale – oral voor Gods aangesig"**

**Liturg: "As gemeenskap van gelowiges, is ons in die NG Kerk Berg-en-Dal geroep om God Drie-Enig te verheerlik – "**

Gemeente: "... uit dankbaarheid vir sy genade, liefde en trou,
en vir die geloof wat Hy in ons harte brandend hou,
in gehoorsaamheid aan Christus,
deur sy Woord en Gees gelei,
en in die eenheid van egte geloof saamgebind."

Liturg: "Ons is oortuig dat dit kan gebeur wanneer ons as gemeenskap van gelowiges:
**God aanbid en vreugdevol loof..."**

Gemeente: "... onder die suiwer bediening van sy Woord en die sakramente in ons eredienste";

**Liturg: "Wanneer ons in geloof, hoop en liefde groei..."**

Gemeente: "...deur ons persoonlike en gesamentlike lees en studie van die Skrif
en ons Christelike belydenis,
deur die onderrig daarvan aan ons kinders,
deur die onderlinge omsien en sorg vir mekaar,
en deur toewyding in gebed";

**Liturg: "Wanneer ons die goeie nuus van Jesus Christus deel..."**

Gemeente: "... deur ons woorde en dade,
in opregtheid en nederigheid,
aan almal met wie ons hierdie tyd en omgewing deel,
asook met hulle verder weg na wie toe ons gelei mag word";

**Liturg: "En wanneer ons daagliks in die lig van Gods Woord leef",**

Gemeente: "... saam en afsonderlik,
elkeen volgens sy of haar gawes,
op die verskillende akkers van sy Koninkryk,
en in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde."

Ons wil u as gemeente van die Here daarom uitnooi om ons roeping – *"Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig"* – vanjaar saam uit te leef, oral, maar ook hier ín en deur ons gemeente, en daarom nooi ons jou uit om by een van hierdie bedieninge te kom help:

**"... DEUR GOD TE AANBID EN VREUGDEVOL TE LOOF..."**

**Erediensbediening, o.l.v. Martin Laubscher (076 477 3680) en ons orrelis, Johan Cromhout**
Eerste byeenkoms: Dinsdag, 6 Februarie 2024 om 19:00.

**"... DEUR IN ONS GELOOF, HOOP EN LIEFDE TE GROEI..."**


**Gemeentebediening o.l.v. Jacqueline Hechter (082 606 3221)**
Met Maryna Spies (leierouderling), David-Rees Samuel (leierdiaken) en Germarie Adendorff
Eerste byeenkoms: Maandag, 5 Februarie 2024 om 17:30

**"... OM ONS KINDERS IN DIE WOORD EN CHRISTELIKE BELYDENIS TE ONDERRIG..."**

**Jeugbediening o.l.v. ds. Janke Hurter en oudl. Rikus van Pletzen (083 462 0122)**
Eerste byeenkoms: Dinsdag, 6 Februarie 2024 om 17:30

**"... WANNEER ONS DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS DEEL, DEUR WOORD EN DAAD.."**



**Getuienisbediening o.l.v. Ellen-Anne Swart (083 672 8445) en teol.std. Steve Popane NGKA**
Eerste byeenkoms: Donderdag, 8 Februarie om 17:30

**'n ONDERSTEUNINGSBEDIENING OM DIT ALLES MOONTLIK TE MAAK...**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dave Samuel** | **Martie Bloem** | **Hendrik Marx** | **Dewald König** |
| (Bestuursraad) | (Diensverhoudinge) | (Eiendomme) | (Geldsake) |
| (082 550 8871) | (083 662 3436) | (082 904 8536) | (083 254 8632) |